Paasfees

Kinders ervaar hoeveel God gee

Teks: Matt 26 – Matt 28:4

Hulpmiddels:

- Gom
- Skêre
- Afdrukke van die boksie vir die kinders – met teks agterop of slegs prente
- ‘n Voltooide boksie vir die storieverteller
- ‘n Afdruk van die riglyne vir die storieverteller
- Skryfbehoeftes om mee te versier
- Afdrukke van die inkleurprent
- Munte
- Kleefband

Welkom

Steek ‘n paar munte weg. Laat kinders soveel moontlik bymekaar maak. Hoor by die kinders wat kan ons nie met geld koop nie.

Wyding

Sing Paasfees liedere wat kinders reeds ken.

Stilword–ritueel: Laat kinders rustig met hulle oë toe sit en dink vir ‘n paar minute wat hulle alles het wat nie deur geld gekoop kan word nie. Sluit af met die volgende uit Hooglied:

Hooglied 8:7 ’n Stroom water kan die liefde nie blus nie. Riviere kan dit nie wegspoel nie. Selfs al wil iemand liefde koop met alles wat hy besit, sal hy net uitgelag word.

Woord

(Gebruik die afdruk vir die storieverteller om die storie mee te vertel. Dit is beter om die storie liewer goed te ken as om dit af te lees. Die storieverteller gebruik ‘n blokkie wat vooraf gemaak is om die storie mee te vertel.)

Prent 1: Muntstukke

Matt 26:14–25

Een van die twaalf dissipels se naam was Judas Iskariot. Hy het na die priesterleiers toe gegaan en gevra: "Wat sal julle vir my gee as ek julle help om Jesus te vang?" Die priesterleiers het toe vir Judas 30 silwer geldstukke betaal. Jesus het sy dissipels gewaarsku dat een van hulle Hom sou verraai. Judas, die een wat vir Jesus verraai het, vra toe vir Jesus: "Meneer, is dit ek?" Jesus sê toe vir hom: "Jy sê dit self."

Prent 2: Brood en wyn

Matt 26:26–29

Jesus het brood geneem terwyl hulle geëet het en Hy het vir God dankie gesê daarvoor. Hy het die brood in stukke gebreek en vir sy dissipels gegee. Hy het gesê: "Neem die brood en eet dit. Dit is my liggaam. Jesus het ook 'n beker wyn geneem, vir God dankie gesê en gesê: "Dit is my bloed gestort vir julle om julle sondes te vergeef."

Prent 3: Haan

Matt 26:31–34

Op pad na Getsemane het Jesus vir hul gesê, "Julle almal sal vannag ophou om in My te glo." Petrus het gesê hy sal Jesus nooit verloën nie. Jesus sê toe vir hom: "Voor die haan vanaand 3 keer kraai, sal jy My 3 keer verraai." So het dit ook gebeur.

Prent 4: Kroon

Matt 27:26–31

Pilatus het vir Jesus oorgegee aan die Romeinse soldate om Hom te kruisig. Hulle het vir Jesus met 'n sweep geslaan en Jesus se klere uitgetrek en 'n pers bo-kleed om Hom gehang. Hulle het 'n kroon van doringtakke gevleg en op sy kop gesit. Hulle het 'n dik riet in sy regterhand gesit. Hulle het met Hom die spot gedryf en op Hom gespoeg.

Prent 5: Dobbelstene

Matt 27: 35–37

Die soldate het vir Jesus gekruisig en elke soldaat het van Jesus se klere gevat. Hulle het dobbelstene gegooi om te besluit watter klere elkeen moet kry. Daarna het hulle gaan sit en hulle het Hom daar opgepas. Hulle het bokant Jesus se kop op 'n plank geskryf wat sy aanklag was: "Dit is Jesus, die koning van die Jode."

Prent 6: Graf

Matt 27: 62–64, Matt 28: 1–4

Die volgende dag was die Sabbatdag. Die priesterleiers en die Fariseërs het by Pilatus bymekaargekom. Hulle was bekommerd dat die dissipels Jesus se liggaam sal steel, omdat hul verkondig dat Jesus na 3 dae gaan opstaan. Pilatus sê toe: "Neem 'n groep soldate om die graf goed op te pas en te seël." Maria en Maria Magdalena was by die graf toe 'n geweldige aardbewing gebeur; 'n engel het die klip weggerol, die wagte was angsbevange.

Begin om die blokkie oop te maak terwyl die storie vertel word – die kruis verskyn.

Matt 28: 5 – 6 Die engel het vir hulle gesê:"Moenie bang wees nie! Ek weet julle soek vir Jesus wie gekruisig is. Hy is nie hier nie! Hy het opgestaan uit die dood, net soos hy voorspel het."

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder watter deel van die verhaal staan vir jou uit.
2. Ek wonder watter deel van die verhaal was nie vir jou lekker nie.
3. Ek wonder watter deel van die verhaal sou jy graag deel van wou wees.

Werskaf

- Kinders kan die prent inkleur en muntstukke met kleefband op die kruis plak.
- Help kinders om die blokkie uit te knip, te vou en 'n boksie te maak.

Sluit af met gebed

“What a lot we got?!” – God gee groot!

Matt 26:14-25
Een van die twaalf dissipels se naam was Judas Iskariot. Hy het na die priesterleiers toe gegaan en gevra: “Wat sal julle vir my gee as ek julle help om Jesus te vang?” Die priesterleiers het toe vir Judas 30 silwer geldstukke betaal. Judas, die een wat vir Jesus verraai het, vra toe vir Jesus: “Meneer, is dit ek?” Jesus sê toe vir hom: “Jy sê dit self.”



Matt 27: 35 – 37
Die soldate het vir Jesus gekruisig en elke soldaat het van Jesus se klere gevat. Hulle het dobbelstene gegooi om te besluit watter klere elkeen moet kry. Daarna het hulle gaan sit en hulle het Hom daar opgepas. Hulle het bokant Jesus se kop op ’n plank geskryf wat sy aanklag was: “Dit is Jesus, die koning van die Jode.”



Matt 26:26 – 29
Jesus het brood geneem terwyl hulle geëet het en Hy het vir God dankie gesê daarvoor. Hy het die brood in stukke gebreek en vir sy dissipels gegee. Hy het gesê: “Neem die brood en eet dit. Dit is my liggaam. Jesus het ook ’n beker wyn geneem, God gedank en gesê: “Dis my bloed gestort vir julle om julle sondes te vergeef.”



Matt 27: 62 – 64, Matt 28 : 1-4
Die volgende dag was die Sabbatdag. Die priesterleiers en die Fariseërs het by Pilatus bymekaargekom. Hulle was bekommerd dat die dissipels Jesus se liggaam sal steel, omdat hul verkondig dat Jesus na 3 dae gaan opstaan. Pilatus sê toe: “Neem ’n groep soldate om die graf goed op te pas en te seël.” Maria en Maria Magdalena was by die graf toe ‘n geweldige aardbewing gebeur. ‘n Engel het die klip weggerol en die wagte was angsbevange.

Matt 26:31 - 34
Op pad na Getsemane het Jesus vir hul gesê, “Julle almal sal vannag ophou om in My te glo.” Petrus het gesê hy sal Jesus nooit verloën nie. Jesus sê toe vir hom, “Voor die haan vanaand 3 keer kraai, sal jy My 3 keer verraai.”
So het dit ook gebeur.



Matt 27:26 - 31
Pilatus het vir Jesus oorgegee aan die Romeinse soldate om Hom te kruisig. Hulle het vir Jesus met ’n sweep geslaan en Jesus se klere uitgetrek en ’n pers bo-kleed om Hom gehang. Hulle het ’n kroon van doringtakke gevleg en op sy kop gesit. Hulle het ’n dik riet in sy regter-hand gesit. Hulle het met Hom die spot gedryf en op Hom gespoeg.

Gebruik hierdie bladsy om die storie te vertel.
Begin om die boksie oop te vou terwyl die storie vertel word - die kruis verskyn.
Matt 28: 5 – 6
Die engel het vir hulle gesê
“Moenie bang wees nie! Ek weet julle soek vir Jesus wie gekruisig is. Hy is nie hier nie! Hy het opgestaan uit die dood, net soos hy voorspel het.”

Matt 26:14-25
Een van die twaalf dissipels se naam was Judas Iskariot. Hy het na die priesterleiers toe gegaan en gevra: “Wat sal julle vir my gee as ek julle help om Jesus te vang?” Die priesterleiers het toe vir Judas 30 silwer geldstukke betaal. Judas, die een wat vir Jesus verraai het, vra toe vir Jesus: “Meneer, is dit ek?” Jesus sê toe vir hom: “Jy sê dit self.”

Matt 27: 35 – 37
Die soldate het vir Jesus gekruisig en elke soldaat het van Jesus se klere gevat. Hulle het dobbelstene gegooi om te besluit watter klere elkeen moet kry. Daarna het hulle gaan sit en hulle het Hom daar opgepas. Hulle het bokant Jesus se kop op 'n plank geskryf wat sy aanklag was: "Dit is Jesus, die koning van die Jode."

Matt 26:26 – 29
Jesus het brood geneem terwyl hulle geëet het en Hy het vir God dankie gesê daarvoor. Hy het die brood in stukke gebreek en vir sy dissipels gegee. Hy het gesê: “Neem die brood en eet dit. Dit is my liggaam. Jesus het ook ’n beker wyn geneem, God gedank en gesê: “Dis my bloed gestort vir julle om julle sondes te vergeef.”

Matt 27: 62 – 64, Matt 28 : 1-4
Die volgende dag was die Sabbatdag. Die priesterleiers en die Fariseërs het by Pilatus bymekaargekom. Hulle was bekommerd dat die dissipels Jesus se liggaam sal steel, omdat hul verkondig dat Jesus na 3 dae gaan opstaan. Pilatus sê toe: "Neem 'n groep soldate om die graf goed op te pas en te seël." Maria en Maria Magdalena was by die graf toe 'n geweldige aardbewing gebeur. 'n Engel het die klip weggerol en die wagte was angsbevange.

Matt 26:31 - 34
Op pad na Getsemane het Jesus vir hul gesê, "Julle almal sal vannag ophou om in My te glo." Petrus het gesê hy sal Jesus nooit verloën nie. Jesus sê toe vir hom, "Voor die haan vanaand 3 keer kraai, sal jy My 3 keer verraai."
So het dit ook gebeur.

Matt 27:26 - 31
Pilatus het vir Jesus oorgegee aan die Romeinse soldate om Hom te kruisig. Hulle het vir Jesus met 'n sweep geslaan en Jesus se klere uitgetrek en 'n pers bo-kleed om Hom gehang. Hulle het 'n kroon van doringtakke gevleg en op sy kop gesit. Hulle het 'n dik riet in sy regter-hand gesit. Hulle het met Hom die spot gedryf en op Hom gespoeg.



Plak muntstukke op die kruis.
Stick coins on the cross.